St. Francesca van Rome

9 Maart

(1384-1440)

Sy word groot in ‘n welgestelde, maar diep gelowige, familie. Teen haar sin, maar in gehoorsaamheid aan haar ouers, tree sy op die ouderdom van 13-jaar in die huwelik met ’n jongman uit ’n ryk en vooraanstaande familie. Veertig jaar lank was sy ’n goeie eggenote en wy sy haarself toe aan haar man en gesin. Sy staan twee van haar kinders af aan die dood en haar man was vir ’n lang tyd as gevolg van politieke omwentelinge uit Rome verban. Sy was ’n diep gebedsmens wat visioene en mistieke ervaringe gehad het en saam met haar skoonsuster lei sy ’n groepie vrouens wat die talryke armes en behoeftiges in Rome versorg het. Sy begin om haar geld en juwele te verkoop om die armlastiges by te staan en toe haar man in 1436 sterf, verkoop sy die res van hulle besittings en gaan woon sy in die gemeenskap wat sy gestig het. Hulle het bekend gestaan as die Oblate van Tor de’ Specchi en het ’n lewe van gebed en naastediens gelei.

Die Oratorium Uitgewery